Son 1 Nov(Josua 3:14-4:18)
Grote God, baie dankie dat ons in die bygel kan lees van Israel wat deur die Jordaanrivier gegaan het na die land Kanaän toe. Dit vul ons opnuut met verwondering oor U grootheid en U almag en dit versterk ons geloof. Net U kan so 'n wonderwerk verrig! Wie anders kan die sterk stroom water van 'n vol rivier wat in vloed is, stop sodat die bedding droog is? Net U is so wonderlik, Here! Ons aanbid U!

Ma 2 Nov(Spr 15:27, Spr 16:8, Deut 25:16)
Barmhartige God, ons bid vandag vir mense wat hulle tot misdaad wend uit desperaatheid om vir hul gesinne te sorg. Ons is besorg oor die toename van witboordjiemisdaad soos bedrog, korrupsie, geknoei van finansiële state, ens. namate die ekonomie verswak. Laat U Gees mense asb daarvan weerhou om oneerlik te wees. Bewaar hulle van die versoeking om by misdaad betrokke te raak en laat hulle hul hoop op U vestig.

Di 3 Nov(Jak 1:12)
Here Jesus, U het medelye gehad met mense wat swaar gekry het. Laat U gesindheid ook in ons harte wees sodat elkeen van ons, hoe gering ookal, iets sal doen om die nood van ander te verlig. Laat die wat self swaarkry ook inspring met hulle talente om ander by te staan en te bemoedig. Laat ons ons sodoende as 'n eenheid beywer in hierdie moeilike tyd deur saam te werk, saam te bid en saam by te dra.

Woe 4 Nov (Lev 16:1-7, Lev 20:7-8)
Heilige God, herinner ons voortdurend daaraan dat U heilig is en dat U altyd teenwoordig is. Laat die besef ons vul met eerbied en ontsag sodat ons sal let op wat ons dink, praat en doen. Laat ons hele lewe aan U toegewy wees en laat dit vir ons 'n vreugde wees om volgens U riglyne te lewe. Laat ons ook ons medemens, selfs die geringste, met respek behandel.

Do 5 Nov (Ps 107:8-9)
Genadige God, U is die Gewer van elke gawe. Ons dank U vir al die gawes – vir die gawe van lewe en die vermoë om dit te geniet en in U diens te gebruik; die gawe van vryheid en geloof, die gawe om U te ken, die gawe van U Seun wat ons geleer het om lief te hê, Hy wat versoening bewerk het. Dankie vir die onbeskryflike heelal, vir die aarde wat in ons behoeftes voorsien deur U genade. Sonder U liefde en genade en gawes kan ons nie leef nie!

Vry 6 Nov (Jes 54:13, Kol 3:23)
God van alle tye, die akademiese jaar is nou byna verby en baie skoliere en studente is besig om hul voor te berei vir die eksame. Help hulle asb om doelgerig en effektief te studeer. Laat hulle staande bly en maak hulle rustig sodat hulle die werk sal kan inneem en onthou. Ons bid ook vir gunstige omstandighede en ondersteuning tuis.

Sat 7 Nov (1Kor 2:9-11, Eks 18:21)
Here God, ons bid vir al die werkers in U wingerd. Laat hulle die geheimenisse wat in U Woord geopenbaar is, reg verstaan sodat hulle eensgesind sal wees. Maak hulle roepingsbewus, getrou en ywerig, sodat hulle altyd gereed sal wees om aan U verantwoording te doen. Laat hulle saam bou op die fondament Jesus Christus.

V O L H A R D

Son 8 Nov (Ps 113:3-5, Neh 1:5)
Ewige Koning, U is die lewende God, U is die Eerste en die Laaste. Hoe geweldig groot is U krag! U is tot alles in staat en U voer uit wat U besluit. Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, moet U Naam geprys word. Daar is niemand in die hemel of op die aarde wat soos U is nie. U is getrou en hou U beloftes teenoor die wat U liefhet en U gebooie onderhou.

Ma 9 Nov (1Kor 2:6-16)
Here, baie dankie dat U Christelike radio-uitsendings gebruik in die bediening van die evangelie van Christus in baie Moslemlande. Dankie vir die Moslem radioluisteraars wat daardeur aangeraak word en navraag doen om meer uit te vind of om 'n Bybel te bekom. Laat die bybels en ander literatuur asb ongehinderd by die belangstellendes uitkom en laat U Gees hulle oortuig en onderrig. Beskerm hulle asb teen gevare.

Di 10 Nov (Pred 7:17)
Hemelse Vader, ons bid vir die bevryding van mense wat verslaaf is aan dwelms en drank. Die toename in dwelmgebruik onder Suid-Afrikaners is werklik onrusbarend en die invloed wat dit op gesinne het is vernietigend. Ons vra dat mense hulle verslawing sal erken en hulself sal laat opneem vir behandeling. Ons bid dat hulle U sal vind en hul tot U sal wend vir bevryding. Ons dra ook verslaafdes se gesinne aan U op.

Wo 11 Nov (Fil 1:14)
Here, help ons asb om ons christenskap onbevrees uit te lewe in ons werksplek, tussen ons vriende en by ons familie. Laat osn onbeskaamd vir U getuig en vertel wat U vir ons gedoenhet. Help ons om die regte keuses te maak en om standvastig te wees. Bewaar ons van skynheiligheid en laat ons eerlik wees in ons verhouding met ander en met U. Leer ons om nee te sê wanneer dit nodig is.

Do 12 Nov (Ps 100:3)
Koning van die heelal, U is ook die God van al die nasies in ons land. Ons dra die regering aan U op en vra dat U hulle sal lei in hulle uiters verantwoordelike en moeilike taak om die land te regeer en te bestuur. Laat hulle besef hoe afhanklik hulle van U is. Laat hulle na U opkyk vir leiding. Laat hulle nie hul eie belang soek nie, maar die van die land. Laat hulle eerlik wees en gee vir hulle wysheid en insig.

Vr 13 Nov(Ps 112:1-3, 1Joh4:18)
O Vader, seën asb almal wat nou besig is met die eksamesn. Ons bid dat U Gees van krag, liefde en selfbeheersing hulle sal vul en dat hulle vry sal wees van vrees. Laat eerlikheid, integriteit en getrouheid deel wees van hulle waardes. Ons bid vir 'n gesonde selfbeeld en dat hulle U heelhartig sal vertrou. Help hulle asb ook om nie moedeloos te word nie.

Sat 14 Nov(1Kor 1:23-24)
Grote God, ons tree vandag in vir ons leraars en vra dat U hulle self sal toerus vir hulle taak. Laat U Gees leeragtig in hulle werk, want dan alleen kan daar vrug op hul arbeid wees. Gebruik hulle as instrumente in U hand om U doel te bereik. Laat hulle versigtig wees in hul daaglikse handel en wandel sodat hulle nie vir ander 'n struikelblok sal wees nie.

V O L H A R D

GEBEDSPROGRAM: N.G. Kerk Waverley

VOLHARD IN GEBED

Sondag 11Oktober tot Sat 14November 2009

Sedert C. Louis Leipoldt se dae toe Oktober die mooiste, mooiste maand was, het daar baie water in die see geloop. September was darem regtig vanjaar besonder mooi, al die struike en rankplante en bome het lanklaas so pragtig en voluit geblom. Die meeste lenteblomme is nou bietjie af, maar die Jakarandas gaan tog sorg vir 'n mooi Oktober.
Die natuur het egter wel verander – die weersomstandighede het meer onvoorspelbaar geword; die temperature toon groter uiterstes, daar is meer siklone, tsoenami's, droogtes, watertekort en hongersnood in die wêreld. Die mense, diere en plante kry swaar.
Tog is daar steeds 'n vaste anker in ons lewens: God is nog altyd dieselfde. Hy is steeds in beheer. Die seisoene gaan voort. Hy stuur die reën. Hy sorg vir ons. Hy lei ons van dag tot dag. Van Hom kom die wysheid en kennis en vermoë om elke situasie te hanteer. Hy gee vir ons die krag en gesondheid om moeilike take aan te pak. Hy laat ons elke more opstaan met nuwe moed en lus vir die dagtaak. Hy is ons vreugde. Hy weet wat ons nodig het en Hy ken ons smart. Ons hoef nie bekommerd te wees oor al die onseker dinge om ons nie. Ons hoef nie die onbekende toekoms te vrees nie. Ons het 'n Pa wat groter en sterker en slimmer is as al die probleme wat ons het. Hy weet wat om te doen. Ons kan maar net Sy hand vashou en Hom vertrou. Met God as ons Vader en Vriend hoef ons nie te wag vir Oktober of September nie, maar word elke dag die mooiste, mooiste dag!

Hallelujalied 444

Wat 'n Vriend het ons in Jesus
Hy wat in ons plek wil staan
Wat 'n voorreg om gedurig
Tot God's troon deur Hom te gaan
Hoe verbeur ons tog die vrede,
Ag hoe dikwels lei ons smart
Net omdat ons nie ons node
Uitstort in God's Vaderhand

As versoeking en beproewing,
Of as kwelling ons bedreig,
Laat ons nooit mismoedig word nie,
Laat ons bedes opwaarts stryd
Nêrens is 'n vriend getrouer
As Hy wat ons node weet;
Jesus voel met al ons swakheid,
En wil deel in al ons leed.

Seënwense.
Kobie. (Tel. 012 3332916)